# KOPIEREG

## Wanneer mag jy aflaai en deel?

### WAT IS OUTEURSREG (OF KOPIEREG)?

- Outeursreg (of kopiereg) is ’n regsterm wat die regte van skeppers oor hulle werke beskryf.
- Werke sluit skeppings soos boeke, musiek, skilderye, beeldhouwerke, films, rekenaarprogramme, advertensies en tegniese tekene in.
- Outeursreg kan aan 'n uitgewer oorgedra word.
- Dis 'n stel regte wat vir 'n vasgestelde termyn aan die outeursregeienaar behoort.
- Outeursreg beskerm outeursreg-eienaars en spoor hulle aan om werk te skep en beskikbaar te stel en so die gemeenskap te dien.

### WAAROM IS DIT BELANGRIK?

- Outeursreg
  - bevorder kreatiwiteit en ontwikkeling van kennis
  - is in die gemeenskap se belang
  - laat skeppers toe om 'n inkomste uit hulle werk te verdien
  - beskerm die waarde van 'n werk deur die onwettige, nie-erkende gebruik daarvan te verhoed.

### WANNEER SKEND EK OUTEURSREG?

- Outeursregskending is diefstal. Jy maai waar jy nie gesaai het nie.
- Sowel die skrywer as die uitgewer ly verliese deur outeursregskending.
- Dis ’n oortreding om materiaal onderhewig aan outeursreg sonder die outeursregeienaar se toestemming
  - van webwerwe af te laai
  - te deel of te versprei.
- Pasop vir groepe op byvoorbeeld WhatsApp, Telegram, Dropbox of Google Drive wat sonder toestemming materiaal onderhewig aan outeursreg deel.
- Daar is uitsonderings en beperkings op outeursreg. Jy kan net toestemming systap vir:
  - navorsing en persoonlike gebruik vir studie
  - niewinsgewende gebruik vir onderwys en deur biblioteke
  - kritiek en resensies
  - nuusverslaggewing
  - algemene feite en aanvaarde waarhede.
- Vir hierdie uitsonderings moet die bron steeds vermeld word, insluitend die naam van die skrywer(s) soos dit op die werk verskyn.

### WAT KAN OORTREDERS VERWAG?

- Outeursregeienaars het die reg om stappe teen vrybuiters te doen.
- Die Wet op Outeursreg maak voorsiening vir kriminele strawwe – 'n boete ('n maksimum van R5 000 per oortreding) en/of tot 3 jaar gevangenskap vir 'n eerste oortreding.
- Vrybuiters kan ook vir skadevergoeding aangespreek word.

### DOEN DIT REG

- Respekteer die regte op skeppings.
- Gun die skepper 'n inkomste – en steun verdere skepping.
- Weerstaan onwettige aanlyn materiaal.
- Verkry toestemming wanneer nodig.
- Rapporteer onwettige verspreiding aan die skrywer of uitgewer.

PASA
PUBLISHERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

Sien ook die PASA webwerk:
https://www.publishsa.co.za/
Mei 2022

Erkennings:
https://www.wipo.int/edocs/pubdocs/en/wipo_pub_450_2020.pdf